Electoral Commission of Namibia

# NAMIBIA VOTES 2024

## PRESIDENTIëLE EN NASIONALE VERGADERING VERKIESINGS
## 27 NOVEMBER 2024

Alle geregistreerde kiersers word aangemoedig om hul demokratiese reg uit te oefen deur 27 November 2024 aan die Presidentiële en Nasionale Vergadering verkiesings deel te neem.

### PRESIDENTIËLE VERKIESINGS

Artikel 28(2) van die Namibiese Grondwet bepaal dat die president van Namibië regstreeks deur 'n algemene verkiesing verkies word. Die verkiesing maak van 'n pluralestelsel gebruik waar die wenner meer as helfte van die stemme op hom of haar moet verenig. Indien nie een van die kandidate tydens die eerste ronde 'n volstrekte meerderheid behaal nie, vind 'n tweede rondte tussen die twee top kandidate uit die eerste rondte plaas. Die kandidaat wat dan die meeste stemme verwerf, word as wenneer afgewys.

### NASIONALE VERGADERING VERKIESING

Hierdie verkiesing maak van 'n proporsionele stelsel gebruik wat op 'n party lys van elke politieke party gegrond is. Elke politieke party moet 'n lys met 'n minimum van 32 en 'n maksimum van 96 kandidate indien. Hierdie setels word dan op 'n kwota grondslag en ingevolge artikel 46(1) van die Namibiese Grondwet toegeken en is gegrond op die aantal geldige stemme wat in die verkiesing uitgebring is.

### TOEKENNING VAN SETELS IN DIE NASIONALE VERGADERING

Die totale geldige stemme wat tydens die Nasionale Vergadering verkiesing deur 'n spesifieke politieke party verwerf is word dan met die kwota stemme wat per setel vereis word, verdeel om te bepaal hoeveel setels 'n spesifieke party verkry. Byvoorbeeld, indien 824 929 stemme uitgebring is en daar is 96 setels beskikbaar, beteken dit dat elke setel 8 593 stemme benodig. Die aantal stemme wat 'n spesifieke politieke party verwerf het, word dan deur hierdie getal gedeel om die aantal setels te bepaal. Enige surplus stemme, beïnvloed dan die toeken van setels in die tweede rondte.

### SPESIALE STEMME

Reëlings word getref vir kiesers, insluitend diegene op see of in die buiteland, om hul stemme op 13 November 2024 uit te bring en so te verseker dat alle stemgeregtigde kiesers wel kan stem. Hierdie stemme kan volgens afdeling 62(2)(a – c) van die Kieswet, wet nommer 5 van 2014, by spesifieke plekke soos Walvisbaai, Lüderitz, Oranjemund en buitelandse sending van Namibië uitgebring word. Lede van die Namibiese weermag en polisiemag wat op 27 November 2024 gaan werk, kan ook volgens hierdie bepaling reeds 13 November 2024 gaan stem.

### BELANGRIKE INLIGTING:

1. Alle stempunte gaan van 07:00 tot 21:00 oop wees.
2. Mense met gestremdhede, verwagtende vroue en vroue wat borsvoed asook bejaardes, sal voorrang by stempunte geniet.
3. Onthou om jou kieserskaart na jou naaste stempunt te neem sodat jy toegelaat word om te stem.
4. Kiesers wat aan die Presidentiële en Nasionale Vergadering verkiesing deelneem, mag by enige stempunt, in enige kiesafdeling gaan stem, ongeag of hulle as kiesers in die betrokke kiesafdeling geregistreer is.
5. Jy sal deur twee afsonderlike stembriewe jou stem kan uitbring: een vir die Presidentiële verkiesing en die ander vir die Nasionale Vergadering verkiesing.

**PLAAS JOU STEM IN DIE STEMBUS X**

**MAAK SEKER DAT JY GAAN STEM, WANT JOU STEM MAAK SAAK!**

Electoral Commission of Namibia

# NAMIBIA VOTES 2024


## HOE OM MET ‘N STEMBRIEF TE STEM

**01**



Die verkiesings beampte reik ‘n stembrief uit aan ‘n kieser.

**02**



Die kieser merk X op die stembrief langs die kandidaat of politieke party van hul keuse.

**03**



Die kieser vou die stembrief op.

**04**



Die kieser plaas die stembrief in die stembus en het sodoende klaar gestem.

www.ecn.na
+264 61 376200
info@ecn.na